AfriForum

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

# TRANSFORMASIE IN SA SPORT:

## Telbord nie in regering se guns

'N VERSLAG DEUR DR. EUGENE BRINK EN JOHAN NORTJÉ

# INHOUD


| Onderwerp | Bladsy |
|---|---|
| Inleiding | 3 |
| Internasionale Olimpiese Komitee en Verenigde Nasies | 4 |
| Die ANC se sportbeleid voor en na 1994 | 6 |
| Sosioëkonomiese landskap | 7 |
| Skole en sportgeriewe | 8 |
| Openbare sportgeriewe | 10 |
| Kwotas en openbare mening | 11 |
| Korporatiewe bestuur in sport en ontspanning | 12 |
| Ten slotte | 13 |
| Bibliografie | 14 |

# INLEIDING

Nadat Oregan Hoskins tydens 'n vergadering van provinsiale rugbybase onverwags bedank het as president van die Suid-Afrikaanse Rugby-unie (Saru), het hy die regering se transformasiebeleid bevraagteken. Volgens hom sal gekleurde spelers altyd "aan die diep kant ingegooi word" te wyte aan die regering se onverantwoordelike en ondoeltreffende benadering van die breër deelname aan sport. "Rugby is 'n wesenlike deel van die Suid-Afrikaanse samelewing [maar] daar is nie 'n verbintenis aan die kant van die regering tot 'n daadwerklike poging om die sport te ontwikkel nie. Dis goed en wel om te sê transformeer die nasionale span en transformeer die franchise-spanne maar dit sal nie werk nie – dit sal nooit werk nie," het hy aan *Eyewitness News* gesê.[1]

Dit is kragtige en inderdaad ironiese bedenkinge, komende van die man wat 'n dekade lank aan die hoof gestaan het van Saru en die saak van *transformasie* in rugby met evangeliese ywer bepleit het. Dit is trouens 'n uiters verdoemende aanklag en kentering.

Hoskins is egter nie die enigste nie. In 'n onderhoud met die Afrikaanse Sondagblad *Rapport* het voormalige Protea-krieketspeler Daryll Cullinan, wat sy eie krieket-akademie besit, soortgelyke kwellinge en kritiek uitgespreek. Hy meen dat dit geweldig duur is om krieket te speel en dat die sport derhalwe buite die bereik van die meeste swart mense in Suid-Afrika is. Hy het verder gesê dat die historiese gewildheid van sokker in die swart gemeenskap 'n ander belangrike faktor is wat die uitbreiding van krieket in dié groep belemmer. Hy wou ook weet waarom dit Temba Bavuma 25 jaar geneem het om die eerste swart topkolwer in die nasionale span te word. Hy het voorts opgemerk dat dit ook Afrikaners 'n taamlike lang tyd geneem het om self krieketprestasies te behaal.

Cullinan het melding gemaak van sy besoek aan 'n krieketveld in Diepsloot, noord van Johannesburg, waar geesdriftige jeugdiges hul krieketvaardighede probeer verbeter het, ondanks gehawende en onvoldoende geriewe en uitrusting. Volgens hulle was daar niemand van Krieket Suid-Afrika (KSA) wat hulp aangebied het nie.[2]

Daar was 'n groot golf van kritiek teen die regering nadat die voormalige minister van sport, Fikile Mbalula, in April 2016 aangekondig het dat hy die voorregte van Saru, KSA, Netbal SA en Atletiek SA ingetrek het om internasionale toernooie aan te bied vanweë hul versuim om transformasie in hul onderskeie sportsoorte te bevorder. Hierdie verbod is sedertdien deur sy opvolger, Thulas Nxesi, herroep, maar die debat en polemiek oor transformasie en kwotas is nog lank nie verby nie.

In hierdie verslag wil ons ondersoek instel na die politieke, sosioëkonomiese, bestuurs- en ontwikkelingskonteks van kontemporêre transformasie in Suid-Afrikaanse sport. Ons wil fokus op die algemene probleme van Suid-Afrikaners wat graag aan sport wil deelneem en daarin wil uitblink, met spesifieke klem op bogenoemde sportsoorte wat uitgesonder word vir strenger en selfs bestraffende maatreëls.

Eerstens kyk die verslag na die plaaslike en internasionale politiek met betrekking tot sport in Suid-Afrika sedert die apartheidsera. Dit behels onder meer die ANC se siening van rassisme in sport gedurende die afgelope paar dekades. Tweedens word die korporatiewe bestuur van sport in Suid-Afrika kortliks bespreek.

Hierbenewens skets die verslag ook die sosioëkonomiese landskap van Suid Afrika as 'n deurslaggewende bepaler van sportdeelname en -sukses. Skole as 'n wegspringplek van sportsukses of -mislukking, asook die stand van sportgeriewe oral in die land, sal ook onder die soeklig kom. Kwantitatiewe navorsing met betrekking tot die openbare mening oor kwotas in sport word ook bespreek.

# INTERNASIONALE OLIMPIESE KOMITEE EN VERENIGDE NASIES

Van die 1950's tot die 1990's het die internasionale gemeenskap 'n wye verskeidenheid sanksies en embargo's teen Suid-Afrika ingestel in 'n poging om die land te dwing om sy apartheidsbeleid te laat vaar. Een van die belangrikste instrumente wat internasionale rolspelers gebruik het om Suid-Afrika se sportbeleid van diskriminasie en rassesegregasie tydens hierdie era te probeer verander, was die sportboikot wat teen die sportaktiwiteite van die land ingestel is. As gevolg van stappe deur die Verenigde Nasies (VN) en die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK), is Suid-Afrika uit baie sportbeheerliggame geskop en ook deelname aan internasionale sportgeleenthede geweier. Mettertyd het dit bygedra tot die beëindiging van sportsegregasie in die land.

James Emmett wys daarop dat die Internasionale Tafeltennisfederasie die eerste was om bande te breek met die slegs-wit Suid-Afrikaanse Tafeltennisunie.[3] Emmett verduidelik dat 'n plaaslike nie-rassige administratiewe liggaam, die Suid-Afrikaanse Sportvereniging (SASA), mettertyd in die laat 1950's gestig is. Aanvanklike pogings deur SASA om swart sportlui in te sluit, was onsuksesvol. Die organisasie het gevolglik begin met pogings om internasionale sportfederasies, veral die IOK, te oorreed om sy Suid-Afrikaanse affiliasies te isoleer wat destyds met slegs-wit spelers geassosieer was. Ander affiliasies het later gevolg.

Die eerste amptelike internasionale sanksie van Suid-Afrika se rassebeleid was die IOK se uitsluiting van die land uit die Olimpiese Spele in Tokio in 1964. Dit is op 18 Augustus 1964 aangekondig dat die IOK die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee gevra het dat daar 'n verandering in beleid rakende rassediskriminasie in sport moet wees.[4] Die Olimpiese Handves het enige vorm van diskriminasie verbied, en die Suid-Afrikaanse beleid was in stryd met die handves. Kort daarna, in 1970, het die IOK sy erkenning van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee tydens die 69ste sitting van die IOK onttrek, met 35 stemme teenoor 28 en met 3 lede wat buite stemming gebly het.[5]

Daarna is die druk versterk om die Nasionale Party te dwing om sy rassebeleid met betrekking tot sport te laat vaar, en die land is uit baie sportgeleenthede verban. Baie lande het ook sportgeleenthede waaraan Suid-Afrika deelgeneem het, geboikot. So het meer as 20 Afrika-lande byvoorbeeld onttrek aan die 21ste Somer Olimpiese Spele in Montreal in 1976, uit protes teen Nieu-Seeland se sportverbindings met Suid-Afrika.

Die VN was een van die belangrikste rolspelers wat uiteindelik Suid-Afrika se sportbeleid beïnvloed het. Anti-apartheidsaktiviste en -verenigings het swaar op die VN gesteun vir bemiddeling, leierskap en betrokkenheid om onbillike diskriminasie te beëindig, deur middel van die handelinge van liggame soos die Verenigde Nasies se Spesiale Komitee teen Apartheid ('n komitee wat deur die VN ingestel is om verslag te doen oor en 'n veldtog te voer teen apartheid), die Konvensie vir die Uitwissing van Rassediskriminasie (CERD), asook die Internasionale Konvensie oor die Onderdrukking en Straf van die Misdaad van Apartheid.

Een van die aanvanklike strategieë wat die Komitee gebruik het, was die Register van Sportkontakte. Die idee met die register was om sportlui van die buiteland te ontmoedig om deel te neem aan sportaktiwiteite in Suid-Afrika, deur 'n halfjaarlikse lys van sportkontakte te publiseer wat gedurende die 1980's tot 1990 die land besoek het. Tussen September 1980 en Desember 1990 het die register gewys dat 3 593 sportlui die sportverbod oortree het. Alhoewel die register nie self enige amptelike vorm van straf gehad het nie, het dit as aansporing gedien om bande met Suid-Afrikaanse sportfederasies te verbreek.[6]

By die Internasionale Konferensie oor Sportboikot wat in samewerking met die Komitee in Parys gehou is, is krieketlande wat krieketspelers gestraf het omdat hulle in Suid-Afrika gespeel het, geloof. Rugby- en krieketverenigings is aangemoedig om nie enige onderhandelings met Suid-Afrika te hê nie, hoewel dit nie duidelik is of dit ook as gevolg van die VN-register was nie.[7]

Die mees prominente stap deur die VN was ongetwyfeld egter die daarstel van die Internasionale Konvensie teen Apartheid in Sport tydens die 40ste sitting van die Algemene Vergadering op 10 Desember 1985. Dit is onderteken deur 70 state en aanvaar deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies (UNGA) as resolusie 40/64, en het op 3 April 1988 in werking getree.[8] Die Internasionale Konvensie het gevolg op die Internasionale Verklaring teen Apartheid in Sport, wat deur die UNGA aanvaar is as resolusie 32/105 op 14 Desember 1977.[9]

Die Konvensie bepaal dat lidlande hulle onvoorwaardelike steun moet gee vir die Olimpiese beginsel dat geen diskriminasie op grond van ras, godsdiens of politieke affiliasie toegelaat word nie, en *dat meriete die enigste maatstaf vir deelname* aan *sportaktiwiteite moet wees*.

Lidlande het ook ooreengekom dat die term *Olimpiese* beginsel beteken dat geen diskriminasie op grond van ras, godsdiens of politieke affiliasie toegelaat word nie, en dat lidlande sal probeer om universele voldoening aan die Olimpiese beginsel van nie-diskriminasie te verseker.[10] Die optrede van die IOK en VN was van kernbelang om die

onbillike praktyke van die land se sportbeleid in die 1960's tot die 1980's te beëindig. Dit het veral tot gevolg gehad dat ontwikkelings wat uit die optrede van die VN en die IOK voortgespruit het, die Suid-Afrikaanse sportlandskap onder die aandag van die wêreld gebring het. Dit is ironies dat die burgerlike samelewing nou, in 2017, soortgelyke stappe moet doen om "transformasie" in sport te stop.

# DIE ANC SE SPORTBELEID VOOR EN NA 1994

Die ANC se sportbeleid tydens die boikot en die manier waarop daar tans daaraan uitdrukking gegee word, is ook relevant wanneer daar oor die boikot gepraat word. Die doel met die boikot – ten minste volgens die amptelike ANC-beleidstandpunt – was dat sport en politiek geskei moes word. Hierdie siening is die duidelikste verwoord in 'n referaat wat op 25 Mei 1971 deur die ANC-swaargewig Abdul Minty voorberei is vir die Verenigde Nasies se Eenheid oor Apartheid.

In die dokument is die ANC aangehaal om te gesê het "dat mense nie gewillige vennote moet wees om 'n stelsel van rassediskriminasie te laat voortduur nie. Sportlui het 'n spesiale plig in hierdie verband, *want hulle moet die eerstes wees om daarop aan te dring dat verdienste, en slegs verdienste, die kriterium mag wees vir die kies van spanne vir verteenwoordigende sport*. Nie-diskriminasie is inderdaad so 'n kerndeel van ware sportmanskap dat baie klubs en internasionale liggame hieroor voorsiening maak."[11]

In bogenoemde referaat word verder verduidelik hoekom daar in sport geen plek is vir rassistiese beleide van enige aard nie en dit word gestel *dat alle bande verbreek moet word met rassistiese liggame totdat sport in Suid-Afrika bedryf word op grond van meriete alleen en nie op grond van kleur nie*.

Die etiese posisie wat die ANC tydens die boikotveldtog ingeneem het, het egter drasties verander sedert die party in 1994 aan bewind gekom het. Daar was 'n noemenswaardige verskuiwing in die organisasie se sportbeleid sedert bogenoemde kommentaar tydens die vorige regime gemaak is. Hulle etos is nou deurspek met rasse-ondertone en onderliggende sosiale transformasie in amptelike stellings.

Bevestiging van hierdie argument blyk onder andere uit die 50ste Nasionale Konferensie van die ANC. Die konferensie-resolusie het gevra dat die regering wetgewing moet instel wat die minister in staat sal stel om proaktief in te gryp in sport sodat dit kan dien as 'n instrument om nasionale doelwitte te bereik. [12] Gevolglik is sport in die nasionale konteks nie meer gesien as 'n instrument om 'n nie-rassige demokratiese sportbedryf te skep nie, maar eerder as 'n instrument om sosiale transformasie te bewerkstellig. 'n Verhewiging van die ingrypende houding van die regerende party was opvallend tydens hulle 51ste Nasionale Konferensie. Resolusies 45 tot 52 het onder andere gevra "dat die regering 'n sentrale en, waar nodig, ingrypende rol in die transformasie van sport en ontspanning moet speel."[13] Die 2012-konferensie het vir kwotas gevra om sportuitnemendheid te bereik.

Daarbenewens kan militante rasse-ondertone ook waargeneem word in 'n verklaring wat in 1998 uitgereik is, waarin die ANC die nasionale rugby- en krieketspanne as "leliewit spanne" beskryf het en beklemtoon het dat "die ANC steeds verbind is tot sy doel om die Suid-Afrikaanse samelewing te transformeer, en dat sport geen uitsondering is nie".[14]

Daarbenewens het die voormalige sport- en ontspanningsvoorsitter, Butana Komphela, in 'n onderhoud met die *Sunday Times* in Februarie 2005 gesê dat hy niks van sport weet nie, maar dat hy die ANC se beleidsposisie oor sport ken.[15] Stellings soos dit is nie geïsoleerde opmerkings deur individue nie, maar is duidelik verteenwoordigend van die ANC se rasgesentreerde beleid en aggressiewe ingryping in sport. Nog 'n voorbeeld wat die saak illustreer, is die voormalige minister van sport en ontspannings, Makhenkesi Stofile, wat van mening was dat "[sportadministrateurs] oorwinning moet opoffer ter wille van transformasie".[16]

Sulke opmerkings illustreer dat die regering se betrokkenheid by sport van 'n aggressiewe en radikale aard is en dat die regering nie die belange van die spelers of die publiek op die hart dra nie; en ook dat die regering nie sosiale konsekwentheid nastreef soos soms beweer word nie. Die destydse minister van sport en ontspanning, Fikile Mbalula, 'n loopbaanpolitikus, het byvoorbeeld sy gebrek aan begrip van sport getoon deur die Bafana Bafana nasionale sokkerspan te demoraliseer vir hul swak vertoning in die 2014-Afrika-kampioenskap deur hulle " 'n spul verloorders" te noem.[17]

In die huidige Suid-Afrikaanse politieke klimaat word dit as taboe of polities verkeerd beskou om aspekte van transformasie of rassekwotas te bevraagteken. Enige poging om die modus van transformasie of aspekte daarvan te beoordeel, word met vyandige reaksie deur die regering beantwoord. Butana Komphela is aangehaal as dat hy gesê het die grondwet vereis transformasie, en dat die beëindiging van transformasie op verraad sal neerkom.[18] Rassetransformasie en kwotastelsels vir nasionale sportspanne word afwisselend gebruik en dit word dikwels aangevoer dat kwotas wettig is, alhoewel die Suid-Afrikaanse Grondwet geen melding maak van transformasie of kwotas nie.

Dit sal dan raadsaam wees om te bepaal wat die ANC onder transformasie verstaan. Die regering maak dikwels aanspraak daarop dat hulle namens die publiek praat wat betref die huidige rassesamestelling van sportspanne. Selfs die howe het hierdie mening uitgespreek – regter Ntendeya Mavundla het aangedui dat Suid-Afrikaners ontevrede was oor die gebrek aan transformasie in rugby en het gesê dat transformasie van "nasionale belang" is.[19]

In werklikheid spreek die ANC se definisie van transformasie egter van onkunde en 'n gebrek aan begrip rakende die kwessie. Die voormalige ANC-polisielid Joel Netshitenzhe, wat ook gereeld tot die ANC se nuusbrief *Umrabulo* bygedra het, het byvoorbeeld geskryf dat transformasie behels dat alle uitvoerders van mag (staatsinstellings) onder die beheer van die Nasionale Bevrydingsbeweging gebring moet word en dat hulle "die demografie van die land moet weerspieël in hulle samestelling; en dat hulle getrou moet wees aan die nuwe orde".[20] Met ander woorde, die transformasie wat deur die ANC gedefinieer word, behels nie eenheid of 'n verligting van die samelewing se probleme nie, maar dit behels die sosiale herbou van die samelewing en dit gaan gepaard met 'n alleenheerskappy oor instellings deur middel van kader-ontplooiing

## SOSIOËKONOMIESE LANDSKAP

Sportprestasies en -ontwikkeling volg gewoonlik ekonomiese prestasie en ontwikkeling. Daarom vaar ontwikkelde lande soos Australië, Nieu-Seeland, Duitsland, die VSA en Groot-Brittanje in die algemeen beter met sport as ontwikkelende lande in Afrika, Asië en Latyns-Amerika. Sommige ontwikkelende lande wat die afgelope paar dekades ekonomies snel gegroei het, soos China, het gesien hoedat hulle sportprestasies op hulle ekonomiese prestasies gevolg het. China se opmerklike verbetering, en dikwels ook oorheersing, by die Olimpiese Spele getuig hiervan.

'n Bepaalde land se historiese belangstelling in sekere sportsoorte speel natuurlik ook 'n groot rol in die mate waarin hy op die sportveld sal presteer. Die feit dat ontwikkelde lande in die verlede gewoonlik beter in die meeste sportsoorte gevaar het, ly egter geen twyfel nie. Amerikaanse atlete het byvoorbeeld toegang tot die nuutste geriewe en die beste afrigting, en 'n persoon wat in die VSA grootgeword het, staan 'n baie groter kans om 'n wêreldklas-atleet te word as iemand van Ghana.

Dit is eweneens van toepassing op die interne situasie in lande, veral dié met 'n groot ongelykheid ten opsigte van welvaart en toegang tot opleiding, afrigting en fasiliteite. In hierdie verband is Suid-Afrika een van die beste voorbeelde ter wêreld. Hoewel dit 'n land met groot potensiaal is, word talle Suid-Afrikaners teruggehou vanweë swak ekonomiese groei en weinig geleenthede. Die indiensneming en demografiese konteks in die land sal kortliks bespreek word aan die hand van 'n paar voorbeelde.

Uit die nagenoeg 55 miljoen mense in Suid-Afrika in 2015 is bykans 36 miljoen tussen 15 en 64 jaar oud. Net minder as 21 miljoen Suid-Afrikaners is ekonomies aktief, van wie 15 657 000 werk het. Slegs 10 835 000 is werksaam in die formele nie landbousektor en 2 661 000 in die informele nie landbousektor. Minder as 'n miljoen mense werk in die boerderysektor. Die amptelike werkloosheidsyfer vir die eerste kwartaal van 2017 was 27,7%. Die getal mense in Suid-Afrika wat tans werk het, is inderdaad dubbel die getal in 1994; maar die bevolkingsyfer ook het met naastenby 50% toegeneem sedert 1994. Ofskoon indiensneming aansienlik gegroei het, het die ANC self toegegee dat heeltemal te min mense werksaam is.[21]

'n Paar opvallende en ontstellende feite word duidelik as 'n mens die syfers na gelang van ras ontleed.

Volgens data van Statistieke Suid-Afrika was 27,9% van swart mense (Afrikane) in die tweede kwartaal van 2016 werkloos. Dit is effens hoër as hierdie groep se 1994-syfer van 24,7%. Vir die res van 2016 – en straks ook 2017 – sal hierdie syfer waarskynlik nog hoër wees namate die ekonomie worstel om te groei en namate poste teen 'n ongekende tempo afgeskaf word.[22] Selfs met inagneming van 'n proporsionele toename in hul demografiese relatiewe en absolute aandeel, is dit 'n baie droewige evaluering.

Bruin mense het selfs swakker gevaar. Hul werkloosheidskoers het beduidend gestyg, van 17,6% in 1994 tot 24,4% in 2015. Werkloosheid onder blankes het ook in dié tydperk toegeneem, van 3% in 1994 tot 7% in 2015.

Oorweeg 'n mens die inkomste van die onderskeie groepe, word die prentjie selfs meer onheilspellend.

Die jaarlikse gemiddelde huishoudelike inkomste van swart mense het van R30 216 in 1994 tot R102 641 in 2014 opgeskiet – 'n styging van 240%. Hierdie syfers sluit boonop maatskaplike toelaes in, waaruit swart huishoudings disproporsioneel voordeel getrek het, vergeleke met blankes en ander rassegroepe. Die jaarlikse huishoudelike inkomste van bruin mense het in hierdie tydperk met 328% gestyg, van R40 884 tot R174 818. Die wit gemeenskap se jaarlikse huishoudelike inkomste het met 356% vanaf 'n reeds verhoogde basis gestyg, van R130 262 tot R594 614 – die grootste styging van al die groot rassegroepe in die land.[23] Dit is nogal ironies, aangesien swart mense verreweg die grootste voordeel trek uit wetgewende en politieke maatreëls wat gemik is op die regstelling van die ongeregtighede van apartheid; in dieselfde tydperk is blankes op groot skaal in veral die staatsdiens vervang, met die gepaardgaande prysgawe van feitlik al hul politieke mag.

Alles dui daarop dat die swart bevolking in Suid-Afrika deur die bank ekonomies steeds op 'n kreeftegang is, in weerwil van groot vordering. Die jammerlike stand van hul indiensneming, die tipe indiensneming, die sukkelende ekonomie en hul gevolglike lae absolute en relatiewe inkomste hou niks goeds in vir hul vordering, volgens meriete en op groot skaal, in mededingende sport nie.

Die syfers hierbo verklaar ook waarom swart skoolkinders baie meer ondervoed is as blanke en Indiërkinders – en dit is ook 'n faktor wat hul groei en sportpotensiaal belemmer.

Ten slotte het die Departement Sport en Ontspanning, as die vaandeldraer van transformasie en die argitek van kwotas in sport, in sy Transformasiehandves vir Suid-Afrikaanse Sport gesê: "Die feit dat die meeste Suid-Afrikaners arm is, maak sport ontoeganklik vir hulle."

## SKOLE EN SPORTGERIEWE

Dit is 'n aanvaarde feit dat 'n persoon se sportvaardigheid grootliks op skool ontwikkel word. Daar bestaan uitsonderings, maar in die reël kom die sportsterre van elite-sportskole waar hulle die beste afrigting, uitrusting en geriewe gehad het. Die lys van die beste rugbyskole in Suid-Afrika is naastenby ook 'n lys van die beste krieketskole. En aangesien hierdie skole elite-skole is wat die beste sportafrigting en akademiese onderrig in die land verskaf, is hulle boonop grootliks 'n spieëlbeeld van die land se sosioëkonomiese samestelling.

**Hieronder is die lys van die top 20 krieketskole in die land (Powerade First Cricket Rankings, soos op 17 November 2015):**[24]

1. St Stithians, Johannesburg
2. Grey College, Bloemfontein
3. Rondebosch Boys' High School, Kaapstad
4. St John's College, Johannesburg
5. Pretoria Boys High School
6. Glenwood High School, Durban
7. Hoërskool Nelspruit
8. Paarl Gimnasium
9. Pearson High School, Port Elizabeth
10. St Alban's College, Pretoria
11. Kingswood College, Grahamstown
12. King Edward VII School (KES), Johannesburg
13. Hoërskool Waterkloof, Pretoria
14. Woodridge College, Port Elizabeth
15. Grey High School, Port Elizabeth
16. Hoërskool Menlopark, Pretoria
17. Boland Landbouskool, Paarl
18. Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch
19. Clifton High School, Durban
20. Bishops Diocesan College, Kaapstad

**Die top 20 rugbyskole is soos volg (soos opgeteken op 20 Junie 2016 en verskaf deur www.rugby15.co.za):**[25]

1. Paarl Boys High
2. Grey College
3. Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria
4. Paarl Gimnasium
5. Hoër Landbouskool Oakdale, Riversdal
6. Paul Roos Gimnasium
7. Dale College, King William's Town
8. Hoërskool Monument, Pretoria

9. Glenwood High School, Durban
10. Selborne College, Oos-Londen
11. Grey High, Port Elizabeth
12. Hoërskool Dr EG Jansen, Boksburg
13. Helpmekaar Kollege, Johannesburg
14. Hoërskool Nelspruit
15. Hoërskool Outeniqua, George
16. Hoërskool Garsfontein, Pretoria
17. Jeppe Boys High, Johannesburg
18. Hoërskool Diamantveld, Kimberley
19. Boland Landbouskool
20. Welkom Gimnasium

Hierdie lyste benadruk die verband tussen 'n puik sportskool en voortreflikheid in 'n bepaalde sportsoort. Mense soos Bismarck du Plessis, Jannie du Plessis en Adriaan Strauss was op Grey College. Fourie du Preez, AB de Villiers, Faf du Plessis en Pierre Spies was leerlinge van Afrikaanse Hoër Seunskool. Handré Pollard was op Paarl Gimnasium. Pat Lambie en Ruan Combrinck was albei produkte van Michaelhouse. In totaal het Paul Roos Gimnasium die meeste Springbokke opgelewer (48) met Grey 'n kortkop agter (45) en Bishops in die derde plek (42).

'n Opvallende eienskap van hierdie instellings is dat hulle almal voormalige model C-, privaat of Afrikaanse skole is. Ofskoon hul demografiese beskrywing oor die afgelope 20 jaar gewis verander het, het hulle oorwegend wit gebly. Hierdie skole se akademiese standaarde is so hoog soos hul sportstandaarde en hulle kan terugkyk op 'n lang geskiedenis van voortreflikheid in sport.

Hierdie skole het ook al puik swart talent opgelewer, van wie die belowende jong Protea-speler Kagiso Rabada van St Stithians maar 'n enkele voorbeeld is. Soos die voormalige krieketbaas Ali Bacher gesê het, swart sportlui sal skitter op die sportveld as hulle die kans kry en die beste afrigting en stelsels op skoolvlak geniet. Daar is egter geen waarborge in die lewe nie en talle spelers – hetsy swart of wit – van topskole het nooit die elite-vlak in hul sport bereik nie.

Die meeste swart en bruin kinders is egter nie in hierdie skole of selfs in skole onder die boonste 50 nie. Hulle sit vasgevang in wanfunksionele staatskole wat nog nooit 'n enkele Springbok of Protea opgelewer het nie en waar alles, van die gehalte van sportafrigting tot die geriewe, grootliks in 'n vervalle en verswakkende toestand is. Volgens gesaghebbende bronne is 80% van alle staatsbeheerde skole in Suid-Afrika geheel en al wanfunksioneel.[26]

Slegs 57,8% van ons staatskole beskik oor sportgeriewe, aldus die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRV). Die gehalte van die bestaande geriewe is dikwels ook substandaard en baie oneweredig versprei. Byvoorbeeld, terwyl 77,5% van die staatskole in Gauteng en 75,1% van die skole in die Wes-Kaap sportgeriewe het, is dit slegs 40,6% van die staatskole in die Oos-Kaap beskore. Ontleed 'n mens dit verder, word die situasie selfs meer klaaglik.

3 245 uit 5 461 staatskole in die Oos-Kaap het in 2015 geen sportgeriewe gehad nie. Wat die res betref, het slegs 1 412 skole sokkergeriewe gehad, slegs 164 krieketgeriewe en slegs 333 rugbygeriewe. In KwaZulu-Natal het 3 207 uit 5 861 skole geen sportgeriewe gehad nie. Slegs 1 591 het beskik oor sokkergeriewe en 258 oor krieketgeriewe; en net 111 kon met 'n rugbyveld spog.[27]

Dit moet egter weer beklemtoon word dat dit slegs beteken dat hierdie geriewe wél bestaan: die standaard daarvan is nie bepaal nie en dit kan aansienlik wissel in gehalte. Hierdie skole se vermoë om gekwalifiseerde afrigters in die verskillende sportsoorte te lok, word ook ernstig aan bande gelê. Met inagneming van die getalle swart leerders in hierdie skole en die demografiese gewig van die provinsies (dit wil sê, Oos-Kaap en KwaZulu-Natal; onderskeidelik die derde en tweede grootste in die land), is dit duidelik dat daar baie meer gedoen moet word om groot getalle puik swart rugby- en krieketspelers op skoolvlak te kweek.

Ongelukkig wil die regering nou oes wat hy in die eerste plek nie gesaai het nie.

Terwyl die beste sportskole in die land met weinig of geen staatsteun bedryf word (befondsing geskied meesal deur die ouers), word die wanfunksionele skole lamgelê deur uiters beperkte staatsbegrotings, militante vakbonde soos die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SATU), asook afwesige en/of ongemotiveerde onderwysers. Klaskamers is oorvol en die skole probeer gemeenskappe dien wat ernstige sosioëkonomiese probleme ondervind – met gepaardgaande maatskaplike probleme soos dwelmmisbruik, enkelouergesinne of huishoudings met 'n kind aan die hoof, en tienerswangerskappe.

Baie van dié skole se bande met sportsoorte soos rugby en krieket is broos of bestaan eenvoudig nie. Soos dit blyk uit bogenoemde syfers oor die onderskeie sportgeriewe, het hierdie skole in die verlede gefokus op die aanbied van sport soos sokker (wat nog altyd geweldig populêr in die swart gemeenskappe was), terwyl hulle rugby en krieket geïgnoreer het. Daarteenoor kan die beste skole terugkyk op 'n eeue-oue geskiedenis wat rugby en krieket betref. Voortreflikheid in enige onderneming word oor baie jare

opgebou, en om 'n puik sportkultuur te kweek verg tyd, geld en harde werk.

Die oplossing lê egter nie daarin om skole wat goed vaar, te penaliseer en af te kraak by wyse van kwotas en om hulle te dwing om hul kapasiteit te oorskry nie. Dit sal bloot die probleem vererger en die peil van ons sportprestasies laat daal. Die antwoord lê onder meer in breedgebaseerde sosioëkonomiese ontwikkeling, grootskaalse werkskepping asook die vrymaking van die markte en die sakesektor. Onderpresterende onderwysers en skoolhoofde moet gestraf word, en 'n morele herlewing moet teweeggebring word. Die regering het ten opsigte van elk van hierdie punte klaaglik misluk.

Skole is per slot van rekening blote weerspieëlings en produkte van hul gemeenskappe: sonder gemeenskapsfinansiering en -steun sal 'n skool se sportvermoë kwyn. Al hierdie voorbeelde toon dat staatsbefondsing nodig mag wees maar nooit voldoende sal wees nie. In plaas daarvan om hulle te berispe, moet die regering iets probeer leer by die paar skole wat die meerderheid sportsterre in Suid-Afrika oplewer. Uiteindelik kan minder staatshulp en meer selfstandigheid en inisiatief die enigste oplossing wees vir armoede- en skoolkrisisse – en die opkoms van meer swart sportsterre.

## OPENBARE SPORTGERIEWE

Die kern van die gesprek oor sportontwikkeling en -transformasie is die kwessie van openbare toegang tot sportgeriewe – veral vir arm gemeenskappe. Mbalula, destyds minister van sport en ontspanning het dit onomwonde toegegee in 'n toespraak in 2012: "Die suksesvolle implementering van die Nasionale Sport-en-ontspanningsplan en die gevolglike uitvoering van die plan se doelwitte hang af van die beskikbaarheid en toeganklikheid van toepaslike geriewe *op plaaslike vlak*. Indien ons hierdie plan wil laat werk, moet dit sonder twyfel onderskraag word deur verskeie fasiliteite, in stedelike sowel as plattelandse gebiede. Dis waarom die verskaffing van toeganklike gemeenskapsport- en rekreasiegeriewe een van die sleutelpilare van die Nasionale Sport-en-ontspanningsplan is."

Hy het deurgaans die rol en plig van plaaslike regering in die bou van sportinfrastruktuur benadruk. Dit is nie slegs 'n morele, ekonomiese en maatskaplike imperatief nie maar ook 'n grondwetlike verpligting. In hoofstuk 7 van die Grondwet word alle munisipaliteite aangesê "om demokratiese en verantwoordbare regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien, en om die verskaffing van basiese dienste vir alle gemeenskappe op 'n volhoubare en regverdige wyse te verseker. Munisipaliteite moet ook die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van sodanige gemeenskappe en inwoners bevorder. Munisipaliteite moet ook 'n veilige en gesonde omgewing vir gemeenskappe verseker wat die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in alle aspekte van plaaslike regering sal aanmoedig, met inbegrip van sport, rekreasie, ontspanning, kuns en kultuur."

Die oprigting van meer en verbeterde sportgeriewe sal nie net die ontwikkeling van sport in arm gebiede aanhelp nie, maar dit sal ook werkskepping bevorder. Dit is boonop 'n manier om gemeenskapsamehorigheid te bevorder, sosiale vertroue te vestig en veral arm gemeenskappe op te hef ten opsigte van maatskaplike aspekte soos dwelmmisbruik en misdaad

Ongelukkig word dit nie konsekwent in die praktyk nagekom nie, soos dit die geval is met talle ander grondwetlike mandate. Die staat se vermoë, en dikwels die wil, om voldoende sportgeriewe vir alle gemeenskappe in Suid-Afrika te voorsien, ontbreek deerlik. Dit is veral waar van die townships en plattelandse gebiede; trouens, Mbalula het dié feit in sy toespraak bekla. Hy het ook die uitdagings uitgelig wat die verbetering van sportgeriewe op die vlak van plaaslike regering in die gesig staar:

1. Munisipale ruimtelike beplanning maak nie voorsiening vir sport-/rekreasie- en ander openbare geriewe op 'n geïntegreerde wyse om die volhoubare vestiging van gemeenskappe te verseker nie.
2. Sommige munisipaliteite beskou die verskaffing en bestuur van sport- en rekreasiegeriewe as die laagste prioriteit op hul lys van behoeftes. Hul toewysing van finansiële bronne vir daardie doel is dus beperk.
3. Die munisipale infrastruktuurtoelae van sommige munisipaliteite word nog steeds nie doelmatig aangewend nie; dit bring mee dat die ontwikkeling van sport- en rekreasie-infrastruktuur gestuit word.
4. In sommige gebiede, veral in die platteland, is daar geen geriewe nie; elders word dit nie behoorlik in stand gehou nie. Sommige geriewe word oor-/onderbenut of eenvoudig geplunder.
5. Daar is te min innoverende projekte om te reageer op die uitdagings van skaars hulpbronne, en 'n gebrek aan projekbestuursvaardighede om die behoorlike implementering van projekte te verseker. Die gebruik van substandaard konstruksiemateriaal beteken swak gehalte en gevolglike hoë instandhoudingskoste.
6. Langtermynhuurkontrakte/-ooreenkomste ten opsigte

van geriewe in gegoede gemeenskappe/gebiede is problematies, omdat dit lei tot die uitsluiting van mense in die breër gemeenskap, veral diegene uit agtergeblewe agtergronde. Hierbenewens is daar plaaslike owerhede wat onbekostigbare tariewe vir die gebruik van die geriewe hef. Die ligging van sommige geriewe maak dit ontoeganklik vir die publiek, of omdat sekere groepe toegang geweier word deur die betrokke owerhede.[28]

Om die presiese getal openbare sportgeriewe in die hele land te bereken en te bepaal in watter toestand dit is, is 'n onbegonne taak. Met die uitsondering van die groot nasionale stadions en lokale, is hierdie geriewe nog nooit behoorlik geoudit nie. Die minister het so 'n oudit in sy 2014-begrotingsrede beloof, maar met die skryf van hierdie verslag kon ons geen aanduiding daarvan op die departement se webwerf vind nie.

Tog erken selfs die luidrugtigste voorstaanders van transformasie en rasseteikens in sport dat daar sedert die aanbreek van demokrasie nie naastenby genoeg gedoen is om sportinfrastruktuur in benadeelde gebiede en selfs in die land as geheel op te gradeer en uit te brei nie. Benewens voormalige minister Mabula se erkenning, het Alec Moemi, sy direkteur-generaal, 'n parlementêre portefeuljekomitee in 2012 meegedeel dat die departement besoeke in die onderskeie provinsies afgelê het om sportgeriewe te inspekteer. Die departement het egter min sê in die kwessie van geriewe, aangesien sportinfrastruktuur meestal in munisipale besit is. Moemi het erken dat die departement sedert 1994 in die algemeen nie daarin kon slaag om hoëgehalte-infrastruktuur te voorsien nie, met die uitsondering van die 2010 Wêreldbekerstadions – wat natuurlik vir die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners ontoeganklik is.[29]

Dit is 'n groot struikelblok vir sportontwikkeling in die land. Toegegee, die departement het oor die laaste paar jaar gewis ambisieuse teikens vir die verbetering en uitbreiding van sportgeriewe gestel en steeds groter befondsing daaraan toegewys. Dit moet egter nog betekenisvolle en grootskaalse vrugte dra, en daar bestaan geen waarborg dat hierdie intervensies uiteindelik suksesvol sal wees of meer sportsterre sal oplewer nie.

# KWOTAS EN OPENBARE MENING

Dit wil voorkom of die regering dink dat die afdwing van rassekwotas in tradisionele "blanke" sportsoorte die deelname daaraan en belangstelling daarin onder swart mense sal bevorder. Die regering is oënskynlik ook hoopvol dat dit sy gewildheid onder die aangewese groepe sal verhoog, met steeds groter steun by die stembus.

Die opvatting dat die meeste swart Suid-Afrikaners kwotas steun, is egter in Maart 2016 heeltemal verkeerd bewys in 'n kwantitatiewe opname deur die SAIRV. Trouens, die beleid blyk uiters ongewild onder die nie-wit bevolking te wees. Die opname het 2 245 mense uit al nege provinsies betrek, waaronder 1 757 swart mense ingesluit is. Een van die vernaamste bevindings van die opname was dat 'n oorweldigende 77% van alle respondente "ja" geantwoord het op die vraag: "Moet Suid-Afrikaanse sportspanne slegs op meriete gekies word en nie volgens rassekwotas nie?" Boonop het bykans driekwart (74,2%) van (etniese) swart Suid-Afrikaners "ja" geantwoord op hierdie vraag.

'n Verdere ontleding toon dat 87% bruin respondente, 94,9% Indiër respondente en 84,3% wit respondente bevestigend op hierdie vraag geantwoord het. Relatief gesproke is bruin mense en Indiërs dus selfs méér ontevrede met sportkwotas as die wit bevolking.[30]

Die begeerte van die meeste Suid-Afrikaners van alle agtergronde en rasse is dat hul land se sportspanne moet wen, en gereeld moet wen. Hierdie opname het bo twyfel bewys dat die rasse-samestelling van die spanne vir hulle van veel minder belang is. Kwotas is grotendeels 'n tegniese meganisme wat sport gebruik as 'n instrument om politieke guns te wen. Die verskerping van rassekwotas en die steeds luider oproepe om kwotas deur kabinetsministers en ander politici gaan paradoksaal saam met 'n afname in steun vir die ANC by die stembus. Op sy minste dui dit op die vrugtelose en selfs vernietigende uitwerking van sportkwotas op die gewildheid van die regering en die ANC.

# KORPORATIEWE BESTUUR IN SPORT EN ONTSPANNING

Voormalige sportminister Fikile Mbalula is waarskynlik die mees omstrede persoon wat nog ooit aan die hoof gestaan het van die Departement Sport en Ontspanning. In plaas daarvan om die ondoeltreffendheid en wanbestuur van die departement reg te stel, het hy byna onmiddellik na sy aanstelling in 2010 besluit om die volledige transformasie van sport in Suid-Afrika te prioritiseer en te bevorder, ten spyte van die afname in die ondersteuning van rassekwotas in die nasionale sportspanne.[31] Meer onlangs het die *Financial Mail* ook gerapporteer oor 'n opname wat BMi Sports Marketing gedurende 2015 gedoen het. Dit het beklemtoon dat volgehoue staatsinmenging in sportaktiwiteite die hoofoorsaak was van kommer onder die topbesluitnemers in die sportbedryf.[32]

Gedurende die 2011/2012 finansiële jaar het opposisiepartye kommer uitgespreek oor reisuitgawes deur voormalige minister Mbalula se departement, wat meer as R35 miljoen beloop het. 'n Verdere R45 miljoen is tydens die 2011 Sporttoekenning-gala bestee. Nog 'n besorgdheid was dat die ouditeur-generaal, Terence Nombembe, getuig het dat 'n "totaal van 27% en 78% van die werklik gerapporteerde prestasie-inligting wat relevant is vir die sportondersteuningsdiens en massaverdelingsprogramme, nie geldig was" gedurende die tydperk onder oorsig nie.

Na aanleiding hiervan het die Openbare Beskermer haar eie ondersoek ingestel na die beweerde onreëlmatige besteding van meer as R2 miljoen op vlugte deur die sportminister en sy adjunk, Gert Oosthuizen.[33] Die ouditeur-generaal se waarskuwings oor die departement se gebrek aan finansiële beheer is in die wind geslaan deur mnr. Mbablula se departement, wat hulle ongekontroleerde besteding na wille keur voortgesit het. Die buitensporige groot bedrag wat aan die 2011-Sporttoekenningsgala bestee is, is selfs oorskadu deur die 2013-sporttoekennings, wat 'n koste van R65 miljoen beloop het.[34]

Die wanadministrasie en onreëlmatige besteding is geensins beperk tot die nasionale departement van sport nie. Gedurende 2011 is meer as R20 miljoen verloor weens korrupsie en bedrog by die Mmabana Kuns-, Kultuur- en Sportstigting in Noordwes. [35] Verder het die ouditeur-generaal se bevindinge ten opsigte van die Gautengse Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning getoon dat die departement gedurende die 2014/15-boekjaar R289 miljoen in onreëlmatige uitgawes aangegaan het.[36]

Volgens mediaberigte is die departementshoof, Namhla Siqaza, geskors nadat hy 'n beampte van die ouditeur-generaal probeer omkoop het.

Onder die bestuur van voormalige minister Fikile Mbalula is die Suid-Afrikaanse sportliggaam geteister deur swak bestuur, bedrog, ondoeltreffendheid en dwang, met herhaalde korrupsieskandale oral in die bedryf. Die mees prominente hiervan is die FIFA-korrupsiesaak waarin daar deur die Amerikaanse owerhede beweer word dat Suid-Afrikaanse amptenare hooggeplaaste FIFA-beamptes vir $10 miljoen omgekoop het om die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi te kon aanbied.

'n Ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok) het gelei tot die ontslag van Leonard Chuene, president van Atletiek Suid-Afrika (ASA) asook ander raadslede. Die ondersoek het getoon dat Chuene die organisasie bankrot gemaak het en dit R7 miljoen in die skuld gelaat het.[37] Die forensiese ondersoek wat deur die onafhanklike ouditfirma Deloitte gedoen is, het bevind dat algemene verwaarlosing en roekelose besteding, insluitend die toekenning van bonusse, ten spyte van ASA se R4 miljoen-tekort, bygedra het tot die finansiële agteruitgang van ASA.38 As gevolg hiervan is Leonard Chuene vervang deur James Evans.

'n Gebrek aan fondse en binnegevegte by ASA het onder andere tot gevolg gehad dat die 2013-Soweto-marathon gekanselleer is. Sedert 2014 is ASA onder leiding van die voormalige president van KwaZulu-Natal Atletiek (KZNA), Aleck Skhosana. Tydens Skhosana se ampstermyn as president van KZNA het die organisasie miljoene verloor weens growwe nalatigheid deur Skhosana.[39] Volgens Corruption Watch stoei sokker, tennis en baan- en veldatletiek ook almal met korrupsiekrisisse.[40]

In 'n geval van mense wat in glashuise woon wat nie klippe moet gooi nie, het dit egter aan die lig gekom dat die Openbare Beskermer se kantoor in 2013 'n ondersoek ingestel het na aantygings van wanadministrasie en korrupsie teen die komitee, na klagtes deur Saskok-affiliasies. Die ondersoek, wat in 2016 begin het, is steeds aan die gang. Verskeie ander federasies het ook die afgelope paar jaar met Saskok gebots oor swak bestuur. 'n Bekende Olimpiese atleet het voorts gekla oor swak toerusting wat by die 2016- Rio Spele gebruik is.[41] Die M&G-sentrum vir ondersoekende joernalistiek, amaBhungane, het ook Saskok-president Gideon Sam verbind met bewerings van omkopery en onreëlmatige tendertransaksies.[42]

Krieket Suid-Afrika (KSA) het ook nie oneerlikheid onder senior amptenare vrygespring nie. 'n KPMG-ouditverslag het 'n kommerwekkende prentjie geskilder van sake by die beheerliggaam. Die kern van die verslag is dat KSA se hoof uitvoerende beampte, Gerald Majola, skuldig was aan wanadministrasie en korrupsie. Majola en ander lede van die KSA het bonusbetalings ontvang van R4,7 miljoen ontvang vir die feit dat Suid-Afrika gedurende 2009 die Indiese Premierliga (IPL) aangebied het. Majola het R1,8 miljoen van hierdie bedrag ontvang.[43]

'n Beswaarlik gelukkiger lot het Boks Suid-Afrikaanse (BSA) te beurt geval. Die liggaam het die afgelope 15 jaar nege uitvoerende hoofde gehad.[44] Moffat Qithi, wat van 2011 tot 2013 as hoof gedien het, is geskors en is toe ontslaan nadat 'n ondersoek hom skuldig bevind het aan bedrog. Hy is bonusse toegestaan van meer as R200 000 terwyl hy twee jaar lank geskors was, benewens sy salaris van meer as R1 miljoen per jaar, het *City Press* berig.[45] Qithi is opgevolg deur Loyiso Mtya, wat ook in 2014 gedwing is om te bedank nadat voorlopige ondersoeke hom daaraan skuldig bevind het dat hy betalings vir transaksies ontvang het, en aan nalatigheid.[46] Hierdie liggaam staan tans onder leiding van Tsholofelo Lejaka, 'n voormalige hoofdirekteur van Sport en Ontspanning. Met geeneen van die voormalige uitvoerende hoofde wat hul ampstermyn voltooi het nie, word daar nou gewag om te sien of die toedrag van sake by die beleërde BSA omgekeer kan word.

Die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) het die afgelope paar jaar self 'n minder as perfekte rekord gehad op die gebied van korporatiewe bestuur. Die dissiplinêre ondersoek na die voormalige uitvoerende hoof, Johan Prinsloo, gedurende 2006 en gereelde binnegevegte tussen Springbok-afrigters en rugbybase is goed gedokumenteer. Meer onlangs is die uitvoerende hoof, Jurie Roux, beskuldig van finansiële wanbestuur tydens sy termyn as hoof van die Universiteit van Stellenbosch Rugbyklub. 'n Voorlopige verslag deur KPMG het Roux aan wanbestuur verbind, waarvolgens hy finansiële bestuurstelsels vir miljoene rande gemanipuleer het om die rugbyprogram te bevoordeel. Die Universiteit dagvaar Roux nou vir R32 miljoen.[47] Daarbenewens het SARU 'n verlies van R23 miljoen vir die 2016- finansiële jaar bekend gemaak.[48]

Bogenoemde ontleding wys dat die Suid-Afrikaanse sportbedryf in 'n ernstige krisis is, en hoewel die Departement Sport en Ontspanning nie vir al die probleme geblameer kan word nie, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie nie-presterende departement die pas aangee vir ander sportliggame en dat sy mislukking 'n rimpeleffek op die korporatiewe bestuur van federasies het.

# TEN SLOTTE

Vrywillige deelname aan sport word nie meer as 'n blote tydverdryf of ontspanningsaktiwiteit beskou nie. Sportontwikkeling by skole is 'n belangrike deel van die gesonde ontwikkeling van kinders, terwyl sport op plaaslike en klubvlak verhoudings in gemeenskappe versterk en sosiale kapitaal bou wanneer verskillende groeperinge bymekaar kom vir 'n "vriendskaplike wedstryd". Tesame met die feit dat Suid-Afrikaners nasionale sportspanne sien as 'n bron van trots, en waarskynlik ook as 'n bron van hoop (iets wat die afgelope tyd baie skaars geword het), is sportontwikkeling 'n noodsaaklikheid wat ook kultureel relevant is, en wat onderliggend is aan die gesondheid van die samelewing.

Sport vorm 'n inherente deel van die land se psige en is as sodanig 'n belangrike kulturele komponent. Eenvoudig gestel, verteenwoordig sport die beste in ons. Die moontlikheid om sport as 'n loopbaan te volg, moet beskikbaar wees vir alle begaafde individue, ongeag ras, geslag of geloof. Soos blyk uit die waarnemings in hierdie verslag, word hierdie proses egter ernstig ondermyn deur huidige staatsbeleid en -optrede. Deur rassekriteria voor te skryf vir die keuse van spelers, weerspieël die regering se betrokkenheid by sport 'n ongebalanseerde benadering. In plaas daarvan om te belê in die ontwikkeling van sport, veral op opvoedkundige vlak in onderontwikkelde gebiede, verspil die regering sy energie op beleid wat sportontwikkeling onderdruk, eerder as om dit aan te help.

AfriForum en Solidariteit bepleit die beëindiging van die rassekwotas in Suid-Afrikaanse sport en bied hierdie verslag aan in die hoop dat dit tot hierdie doel sal bydra. Die enigste kleur waaroor enige atleet bekommerd moet wees, is die kleur van die medalje.

# BIBLIOGRAFIE


1. "Hoskins queries transformation plan" SARugbymag. Smyth, J. Aanlyn beskikbaar: http://www.sarugbymag.co.za/blog/details/hoskins-questions-transformation-plan?fb_comment_id=1095253733855151_1095611383819386#f2824b865214564
2. "Waar was Krieket SA dan vir 25 j.?" Netwerk24. Hancke, H. 4 September 2016. Aanlyn beskikbaar: http://www.netwerk24.com/Sport/Krieket/hendrik-hancke-gesels-met-daryll-cullinan-20160904
3. "From the archives: History of Sport - South Africa emerges from its dark past". SportsPro, 6 Desember 2013. James Emmett. Aanlyn beskikbaar: http://www.sportspromedia.com/notes_and_insights/ashes_hero_doliveira_and_the_battle_against_racism_in_cricket
4. "August 18, 1964: South Africa is banned from the Olympic Games over apartheid regime" BT.com World news. Andrea Mann. Aanlyn beskikbaar: http://home.bt.com/news/world-news/august-18-1964-south-africa-is-banned-from-the-olympic-games-over-apartheid-regime-11363996797344
5. Olympic Information, Olympic review, ICO meeting, 1970. Aanlyn beskikbaar: http://library.la84.org/OlympicInformationCenter/OlympicReview/1970/ore32/ore32j.pdf
6. U.N. Reports Contacts With South Africa The New York Times. 15 April 1988. Thomas Rogers. Aanlyn beskikbaar: http://www.nytimes.com/1988/04/15/sports/un-reports-contacts-with-south-africa.html
7. Yearbook of the United Nations. 39. 1985 (1989).
8. United Nations, Treaty Series, vol. 1500, p. 161. Aanlyn beskikbaar: https://treaties.un.org/pages/ViewDetails.aspx?src=TREATY&mtdsg_no=IV-10&chapter=4&clang=_en
9. Encyclopaedia of Human Rights, 1996, By Edward H. Lawson.
10. UN treaties, No.25822, Multilateral. Aanlyn beskikbaar: https://treaties.un.org/doc/Publication/UNTS/Volume%201500/volume-1500-I-25822-English.pdf
11. ANC Statement, 25 Mei 1971, International Boycott of Apartheid Sport, [Datum van toegang: 2016-08-10].
12. ANC Statement, 50th National Conference: Resolutions - Social Transformation, [Datum van toegang: 2016-08-10]. Aanlyn beskikbaar: http://www.anc.org.za/content/50th-national-conference-resolutions-social-transformation
13. ANC Statement, 20 Desember 2002, 51st National Conference: Resolution. Aanlyn beskikbaar: http://www.anc.org.za/content/51st-national-conference-resolutions [Datum van toegang: 2016-08-10].
14. ANC Statement, 10 Desember 1998, Statement on the transformation of sport. Aanlyn beskikbaar: http://www.anc.org.za/content/statement-transformation-sport [Datum van toegang: 2016-08-11].
15. "DA calls for Komphela's head" News24. 27 Februarie 2005. Joubert, J. Aanlyn beskikbaar: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/DA-calls-for-Komphelas-head-20050227
16. "Sacrifice winning for change, says Stofile" Iol Online. 17 Februarie 2005. Aanlyn beskikbaar: http://www.iol.co.za/news/politics/sacrifice-winning-for-change-says-stofile-234203
17. "Mbalula: Useless Bafana are bunch of losers" Iol Online. 20 Januarie 2014. Aanlyn beskikbaar: http://www.iol.co.za/sport/soccer/bafana/mbalula-useless-bafana-are-bunch-of-losers-1633820
18. "Tutu not a traitor – Komphela". Aanlyn beskikbaar: News24, 2 Februarie 2005, Gert Coetzee. Aanlyn beskikbaar: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Tutu-not-a-traitor-Komphela-20050225-2
19. "Judge slams slow transformation in SA rugby", Iol Online. 2 September 2015. Aanlyn beskikbaar: http://www.iol.co.za/sport/rugby/judge-slams-slow-transformation-in-sa-rugby-1909617
20. "Deconstructing the ANC's agenda - Tony Leon" PolticsWeb, 10 Junie 2004. Aanlyn beskikbaar: http://www.politicsweb.co.za/documents/deconstructing-the-ancs-agenda--tony-leon
21. IRR, South Africa Survey 2016. Aanlyn beskikbaar: http://irr.org.za/reports-and-publications/south-africa-survey
22. ibid
23. ibid
24. "First XI Cricket: The Powerade Performance Rankings:17/11/2015". SA School Sports. 16 November 2015. Aanlyn beskikbaar: http://www.saschoolsports.co.za/cricket/national/first-xi-cricket-the-powerade-performance-rankings17-11-2015.html
25. "TOP 20 School Rugby 1st XV Rankings". Rugby15. Adv. Jonck, J. Aanlyn beskikbaar: http://www.rugby15.co.za/school-rankings/
26. "Checked: 80% of South African schools indeed 'dysfunctional'", Mail & Guardian, Wilkinson, K. 25 Maart 2015. Aanlyn beskikbaar:

https://mg.co.za/article/2015-03-25-are-80-of-south-african-schools-dysfunctional

27. IRR, South Africa Survey 2016. Aanlyn beskikbaar: http://irr.org.za/reports-and-publications/south-africa-survey

28. "SA: Mbalula: Address by the Minister of Sports and Recreation, at the Municipal Conference on Sport and Recreation in South Africa, Pretoria (28/05/2012)" Polity.org.za, 28 Mei 2012. Aanlyn Beskikbaar: http://m.polity.org.za/article/sa-mbalula-address-by-the-minister-of-sports-and-recreation-at-the-municipal-conference-on-sport-and-recreation-in-south-africa-pretoria-28052012-2012-05-28

29. PMG, "Department of Sport and Recreation 2012 Strategic Plan: briefing with Minister", 4 Junie 2012. Aanlyn beskikbaar: https://pmg.org.za/committee-meeting/14516/

30. IRR, Race Relations in South Africa – Reasons for Hope. Aanlyn beskikbaar: http://irr.org.za/reports-and-publications/occasional-reports/race-relations-in-south-africa-2013-reasons-for-hope

31. HRCS, The numbers game, Struwig, J and Roberts, B, South African Social Attitudes Survey http://www.hsrc.ac.za/uploads/pageContent/1607/The%20Numbers%20Game.pdf [Datum van toegang: 2016-08-11].

32. "Why SA sport is so rotten" Financial Mail, 5 Mei 2016, Tristan Holme and Luke Alfred. Aanlyn beskikbaar: http://www.financialmail.co.za/coverstory/2016/05/05/why-sa-sport-is-so-rotten

33. "More recreation than sport?" Times Live, 9 Oktober 2012, Hosken, G and Williams D http://www.timeslive.co.za/thetimes/2012/10/09/more-recreation-than-sport

34. DA QUESTION 854, PoliticsWeb, 15 Mei 2013, Dept allocated R21 m for SA Sports Awards 2013 - Fikile Mbalula. Aanlyn beskikbaar: http://www.politicsweb.co.za/news-and-analysis/dept-allocated-r21-m-for-sa-sports-awards-2013--fi

35. "Arts foundation loses R20-million to fraud, graf", Mail & Guardian 30 Mei 2011. Aanlyn beskikbaar: http://mg.co.za/article/2011-05-30-arts-foundation-loses-r20million-to-fraud-corruption

36. "R289m in dodgy spending; claims of AG bribe" Press Reader. Serrao, A. Aanlyn beskikbaar: https://www.pressreader.com/south-africa/pretoria-news/20151208/281543699858659

37. "SASCOC report on Chuene damning – DA" PolitcsWeb. 17 Februarie 2011. Aanlyn beskikbaar: http://www.politicsweb.co.za/opinion/sascoc-report-on-chuene-damning--da

38. "Chuene slated in Deloitte probe", Moneyweb, 20 September 2010, David Carte. Aanlyn beskikbaar: http://www.moneyweb.co.za/archive/chuene-slated-in-deloitte-probe/

39. "Athletics millions missing", Iol Online. 20 November 2015, Lee Rondganger. Aanlyn beskikbaar: http://www.iol.co.za/news/crime-courts/athletics-millions-missing-1948600

40. "Corruption in Sport: It's not too late", Corruption Watch.org, 23 Februarie 2016. Aanlyn beskikbaar: http://www.corruptionwatch.org.za/sport-corruption-its-not-too-late/ [Datum van toegang: 2016-08-11].

41. "Sascoc still under investigation." The Citizen, 2 September 2016, Wesley Botton. Aanlyn beskikbaar: http://citizen.co.za/1273274/sascoc-still-under-investigation-madonsela/

42. "GroundUp: Corruption allegations against Gideon Sam come back to life" Daily Maverick, 13 Julie 2016, rejul Bjoy. Aanlyn beskikbaar: http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-07-13-groundup-corruption-allegations-against-gideon-sam-come-back-to-life/#.V-JCjyh97IU

43. "Mbalula: I expected better from Majola", Mail & Guardian 11 Oktober 2012. Aanlyn beskikbaar: http://mg.co.za/article/2012-10-11-mbalula-i-expected-better-from-majola

44. "Boxing SA's many chiefs add no value" News24, 19 Oktober 2014. Aanlyn beskikbaar: http://www.news24.com/Archives/City-Press/Boxing-SAs-many-chiefs-add-no-value-20150430

45. "Boxing SA looks for new boss" City Press. 2 Augustus 2015. Mokhine, P. Aanlyn beskikbaar: http://city-press.news24.com/Sport/Boxing-SA-looks-for-new-boss-20150802

46. "BSA chief Mtya resigns amid graft allegations", Sowetan Live, 18 Februarie 2015, Bongani Magasela. Aanlyn beskikbaar: http://www.sowetanlive.co.za/sport/2015/02/18/bsa-chief-mtya-resigns-amid-graft-allegations

47. "SARU to discuss CEO Concers" Sportsindustry, 28 Januarie 2016. Aanlyn beskikbaar: http://www.sportindustry.co.za/news/saru-discuss-ceo-concerns

48. "It's up to the Spring Springboks to make Saru money again" Schenk, H. Timeslive. 30 April 2017. Aanlyn beskikbaar: http://citizen.co.za/sport/sport-rugby/1471396/its-up-to-the-springboks-to-make-saru-money-again/



AfriForum

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY